



# Week 3 Dag 6: Nederig

*Lees: Matt 11:28-29*

Gister het jy gefokus op Jesus se sagmoedigheid. Vandag kom daar nog iets by. Hy sê ook van Homself dat Hy nederig van hart is. As jy aan Jesus se lewe en woorde dink, waar sien jy sy nederigheid die beste raak?

Ek dink onwillekeurig aan twee insidente as ek aan Jesus se nederigheid dink: daar waar Hy afbuk en die kindertjies nooi om na Hom toe te kom (Markus 10:14), en daar waar Hy afbuk om sy dissipels se voete te was (Johannes 13:1-17). In Filippense 2:5-11 haal Paulus 'n aangrypende lied aan wat juis oor Jesus se nederigheid gaan. Daarin word Jesus se hele menswording en sterwe as nederigheid beskryf.

Dis hoe Jesus is. Hy is nederig. Hy kan Homself nie help nie, want Hy dink van Homself nie te veel om die minste te wees nie. Dit is Hý wat jou nooi om na Hom te kom en by Hom te leer. Ja, dis reg. Hy wil jou leer om ook soos Hy te wees – sagmoedig en nederig van hart. Dit behoort die kenmerk van jou lewe te wees, soos Filippense 4:5 (AFR20) sê: "Laat julle vriendelikheid aan alle mense bekend word."

Is dit ook die kenmerk van jou lewe? Soos dit van Jesus waar is?

Gebed: Maak my soos U, Here Jesus! Nederig en sagmoedig van hart.

## Onlangse Bydraes

- Juda
- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23  Smag jy na God se teenwoordigheid?

## Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede

- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026